

28 Mei 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 16

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za



Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk
Die Hervormer
e-Hervormer

www.nhk.co.za

www.hervormer.co.za

www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

VOORBLAD

Die Heilige Gees en ons

Met Pinkster, wat ons tans herdenk, word die werking van die Heilige Gees in die lewens van gelowiges beklemtoon. Soms hoor 'n mens iemand sê dat die Heilige Gees hulle gelei het om iets te doen. As 'n mens navraag doen oor hoe die Gees dit vir hulle gesê het, kry jy verskillende antwoorde: Hulle het die Bybel op 'n sekere plek oopgemaak, 'n droom gehad, of iemand het met hulle gepraat. Die vraag is egter: Hoe weet jy of dit nou regtig die Gees van God was wat jou gelei het?

Ons open kerklike vergaderings met 'n gebed om die leiding van die Gees, en dan neem die vergadering besluite en aanvaar dat dit die wil van God is. Soms gebeur dit dat kerkvergaderings 'n bepaalde besluit neem en dan by 'n volgende vergadering weer anders besluit. In 'n stadium in die geskiedenis het die Kerk byvoorbeeld besluite geneem wat bepaal het dat: vroue en mans nie saam aan die Nagmaaltafel mag aansit nie; net een liturgiese orde Bybels korrek is; kore en ander musiekinstrumente nie in die erediens toegelaat word nie; ensovoorts. Al hierdie besluite wat die Kerk geneem het, is intussen gewysig. Wat was dan die regte besluite?

In Handeling 15 word vertel dat die eerste kerkvergadering in Jerusalem besluite moes neem oor onder andere die besnydenis en die eet van kos wat aan afgode geoffer is. Die vergadering het uiteindelik na 'n lang bespreking, aan die hand van die voorskrifte van Moses en die optrede en woorde van Jesus, eenparig 'n besluit geneem dat heidene wat tot bekering gekom het hulle nie hoef te laat besny nie, maar dat hulle nie kos wat aan afgode geoffer is, moet eet nie. Wanneer Paulus en Barnabas die besluite aan die gemeente bekendmaak, sê hulle: *Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê nie...* Dit is interessant dat Paulus 'n paar jaar later vir ander gemeentes skryf dat geen kos of vleis op sigself onrein is nie. In 'n nuwe situasie, onder leiding van die Heilige Gees, het hy en die Gees tot die besluit gekom dat dit beter is om vir mense te sê dat geen kos op sigself onrein is nie!

Hoe is dit moontlik? Dit is moontlik omdat geen mens oor die Heilige Gees en die Woord van God beskik nie. Ons kan maar net in nederigheid bid dat God ons deur sy Gees sal lei. Daarna moet ons met verantwoordelikheid die saak deeglik in die lig van die evangelie oorweeg. In ons kerklike tradisie word dit juis beklemtoon dat die Gees nie sonder die Woord werk nie (Joh 14: 26). Daarom moet ons altyd probeer luister wat God in sy Woord vir ons sê. Die Gees sal ons daartoe verlig en help. As ons dan tot die gevolgtrekking kom, *Die Heilige Gees en ons het besluit*, beteken dit egter ook nie dat die saak nou finaal afgehandel is nie. Later, onder nuwe omstandighede, met nuwe vrae, moet ons dalk weer die besluit heroorweeg en dalk wysig. Dit maak ons altyd beskeie en laat ons besef – ons kan nooit finaal namens God besluit nie. Daar is nie 'n kortpad of 'n kitsoplossing nie. Om saam met die Gees te besluit, vra dat ons moet afstand doen van onself en ons eie agendas, en onbevange moet luister na die Woord, al is dit ook soms hoe pynlik om te doen wat Hy vra. Dit sal verhoed dat ons die Heilige Gees die buikspreker van ons eie belange maak.

Ds Anet Dreyer-Krüger, Rustenburg-Suid



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.

Beroep aanvaar

- Prop Marna Naudé na Swartkop

Beroep bedank

- Ds Werner Venter van Schoemansdal na Nigel

Vakante standplaaas

- Die **Howick-gemeente** van die Afrikaanse Christenkerk van Nieu-Seeland (ACK van NZ) beskik oor 'n vakante pos vir 'n leraar wat tans in die beroep staan en geroepe voel om in 'n dinamiese multikerklike gemeente te dien. Die gemeente is in Auckland geleë en het so pas hul 10de verjaardag gevier. Die ACK het reeds 9 gemeentes in Nieu-Seeland en groei steeds. Kandidate wat oor goeie gesondheid beskik en kans sien vir die emigrasieproses, kan (+64) 09 271 4803 skakel of 'n e-pos stuur na ackhowick@gmail.com om 'n aansoekvorm te bekom.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Rudi (RDJ) van Wyk** is op Maandag 25 Mei oorlede na 'n lang siekbed. Hy was 59 jaar oud. Ds Van Wyk is etlike jare gelede medies ongeskik verklaar. Sy begrafnis vind plaas op Maandag 1 Junie om 11:00 op Koster. Meelewing word met sy vrou Fransien en die kinders betuig.
- **Ds Sarel van der Westhuizen**, voormalige predikant van die Kerk en tans predikant van die AP Kerk, se voet is die afgelope naweek gedeeltelik geamputeer. Hy het vroeër 'n hartomleidingsoperasie ondergaan. Ds Sarel is die vader van ds Jasper van der Westhuizen van die kombinasie Hendrina/Breyten. Die Kerk se voorbidding word gevra vir die Van der Westhuizen-familie.
- **Ds Hendrik Odendaal** vier op Sondag 31 Mei sy 25ste jaar in die bediening. Hy lei die erediens om 09:00 vanuit die kerkgebou van Rietvallei.
- **Prof Lourens Steenkamp** van Gemeente Makarios sterk steeds tuis aan na sy onlangse ernstige motorongeluk. Hy word 'n volkome herstel toegebied.
- **Ds Rassie Smit** se moeder is verlede naweek oorlede na 'n kort siekbed. Sy is die afgelope week op Kriel begrawe. Ds Smit en sy familie word troos toegebied.
- **Ds Koos Naudé**, emerituspredikant, wat onlangs sy vrou aan die dood afgestaan het, se galblaas is die afgelope week verwyder. Hy word 'n spoedige herstel toegebied.
- **Ds Louis Steyn**, emerituspredikant, het sy pastorale werksaamhede by Gemeente Cradock afgesluit. Hy woon tans op Boknes. Die gemeente sal saam met die Ringskommissie die toekomstige bediening beplan.



Prop Marna Naudé Ds Werner Venter




Ds Hendrik Odendaal

Prof Lourens Steenkamp



Ds Louis Steyn



Ds Dalene Lourens

Dr Gerhard Nel

Die *Hervormer* en die *e-Hervormer* het nou 'n SMS-lyn waarheen kort kommentaar gestuur kan word oor enige saak wat in dié twee publikasies bespreek is. Opmerkings wat so ontvang word, sal deur 'n teologiese span bestudeer word, en mag op *Die Hervormer* se webwerf gepubliseer word. Stuur u SMS aan 071 229 8903, en kyk op www.hervormer.co.za/ **kommentaar** vir onlangse SMS-boodskappe wat ontvang is.

- **Ds Dalene Lourens** van Gemeente Selcourt se eersteling, 'n seun, is verlede week gebore. Baie geluk aan die egpaar!
- **Dr Gerhard Nel** van Gemeente Hartebeeshoek bied weer sy **Bybelinterpretasiekursus** aan. Bybelboeke word in terme van agtergrond, oorspronklike skrywer en lesers, enkele teologiese temas en boodskap vir vandag bespreek. Dit is 'n korrespondensiekursus, en alle studiegidse word voorsien. Vir navrae, besprekings of om 'n gratis inligtingsbrosjyre te bekom, kontak dr Nel by 082 823 5074 of gnel@nhk.co.za.
- **Die volgende predikante verjaar van 28 Mei tot 4 Junie**, en word hartlik geluk gewens:
 - Vrydag 29 Mei: Di Ben van Staden en Paula Eksteen
 - Saterdag 30 Mei: Ds Louis Nel
 - Sondag 31 Mei: Ds Gert van Staden
 - Donderdag 4 Junie: Ds Thomas Joubert
- Gemeentes se **deurkollekte van 31 Mei** word aan Gesinsorg afgestaan. Predikante word versoek om dit so in hul gemeentes bekend te maak.
- **Gemeente Wapadrant** hou op **Sondagaand 31 Mei** om 18:00 'n **Seekersbyeenkoms** vir persone wat vrae het waarvoor hulle nie altyd antwoorde kry in die tradisionele gang van sake in die Kerk nie. Dit is vir mense binne en buite die Kerk. Die byeenkoms vind plaas in die gemeente se kerkgebou by Keeshondstraat 546, Garsfontein. Die tema vir die aand is *Ateïsme, agnostiek en die tradisionele geloof: Verander evolusie die tradisionele geloof?* Die inleier is prof Andries van Aarde. Kontak ds Johan Delpoort by 082 552 9481 vir meer inligting.
- **Die volgende ringsvergaderings vind plaas tot 5 Junie:**
 - Ring van Roodepoort: 31 Mei te Witpoortjie
 - Ring van Pretoria-Noord: 1 Junie te Hartebeeshoek
 - Ring van Chrissiesmeer: 2 Junie te Ermelo
 - Ring van Bronkhorstspruit: 1 Junie te Suidoos-Witbank
 - Ring van Brakpan: 31 Mei en 6 Junie te Sandra
 - Ring van Middelburg: 2 Junie te Middelburg
 - Ring van Noordelike Pretoria: 5 en 6 Junie te Wonderboom
- Die diakens van **Gemeente Welgelegen-Pietersburg** wil vanjaar weer van hul **komberseprojek** 'n reusesukses maak. Hulle vra mooi: *Help ons met 'n kombors of 'n geldelike donasie waarmee ons komberse kan aanskaf*. Skakel Annatjie Sandrock by 072 356 7189 of 015 295 5464 vir meer besonderhede.
- **Gemeente Mosselbaai** het begin met die bou van sy kerk in Stilbaai. Daar is groot opgewondenheid oor die projek wat na jare se harde werk aan die gang gekom het. Die gemeente is op soek na 'n goeie orrel, kerkbanke, preekstoel en ander meubels wat in 'n kerkgebou tuishoort. Indien enige lidmaat van die Kerk bewus is van 'n kerkgebou in u omgewing wat gesloop gaan word of nie verder as kerkplek gebruik gaan word nie, en waar die genoemde items dalk beskikbaar mag wees, skakel asseblief met dr Fanie Pretorius by die Sinodale Kerkkantoor (012 322 8885 x256) of dr Gert Malan van Gemeente Mosselbaai (044 693 1085 of 083 340 2905).
- Die **MRCC** in Jouberton, Klerksdorp benodig 'n **kerkklok** vir hulle kerkgebou. Kontak ds André Ungerer by 082 940 8201 as u gemeente 'n kerkklok beskikbaar het.



Die *e-Hervormer* lees lekker, en dit is pragtig versorg. 'n Aanwinst. Baie dankie.

Dr Jan H Vorster,
Verwoerdburg

- **Gemeente Erasmia** bedank graag almal wat hul jaarlikse gholfdag ondersteun het, en elkeen wat skenkings gemaak, pryse geborg en hulp verleen het. Die Fondsinsamelingskomitee bedank ook almal wat die optrede van Yoti op 22 Mei bygewoon het.
- **Gemeente Klerksdorp-Doringkruin** se jaarlikse **basaar en koorfees** vind plaas op **Vrydag 29 Mei** van agt tot agt (08:00 tot 20:00). Daar is heerlike plaasontbyte beskikbaar vanaf 06:00, en aandetes na die besige dag; bespreek vroegtydig! Daar het ook reeds 17 kore ingeskryf van so ver as Rustenburg en Lichtenburg om aan die koorfees deel te neem. Dit begin om 14:15, en prof Hetta Potgieter van die Musiekkonservatorium van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom) tree as beoordelaar op. Daar is nog geleentheid vir kore wat wil inskryf. Vir verdere inligting kan Roenie van Zyl gekontak word by 082 458 1257 of ds André Ungerer by 082 940 8201.
- Op **Vrydagaand 29 Mei** gaan **Gemeente Witbank-Noord** die swaksgeklede Hervormde **boemelaar** kroon. Boemelaars kan inskryf teen R20 per persoon. Alle fondse wat ingesamel word, sal aan die Kinderbeskermingsfonds van die Kerk gestuur word. Die pret begin om 18:00 en daar sal gekuier word totdat elke boemelaar goed versorg en gevoed is. Skakel ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030 of diak Driesie Hurn by 078 577 0751.
- Die dames van **Gaborone** hou op **Saterdag 30 Mei** om 09:30 hul jaarlikse **Damestee** op Rasesa. Die gasspreker is Lindie Gouws van die Christentydskrif *My World*. Daar sal ook solosang, voordragte en musiek wees. Kaartjies is P100 per persoon en sluit tee en verversings in. Uitstallers is welkom. Kontak Sanette Mostert by 00267 714 53499 of 00267 3161371.
- **Gemeente Rietvallei** hou op **Saterdag 30 Mei** van 08:00 tot 13:00 **karnaval** op hul kerkterrein in Elarduspark. Kom geniet die heerlike eetgoed, neem deel aan die kaskarwedren en kruiwastoot, en moenie die veiling van kunswerke en goeie wyn misloop nie. Die brandweer kom kuier ook met veiligheidswenke. Op **Sondag 31 Mei** vier die gemeente ook sy **25ste bestaansjaar**.
- **Gemeente Noordelike Pretoria** hou op **Saterdag 30 Mei** 'n **biltongaand**. Sorina Erasmus sal as gaskunstenaar optree, en daar sal gelukstrekkinge wees, met baie pryse te wen. Dit vind plaas by die NG Kerk Wonderboom-Suid by 12de Laan 920, om 18:00 vir 18:30. Die oogmerk van die projek is om 'n nuwe bussie vir die gemeente te koop. Kontak Sarel Viljoen by 083 554 3397.
- **Gemeente Schoemansdal** hou op **Saterdag 30 Mei** vanaf 09:00 hul **Bosveldbasaar en musiekfees** op die kerkterrein in Maraisstraat, Schoemansville. Skakel 012 253 0146 vir meer inligting.
- **Gemeente Carolina** hou op **Saterdag 30 Mei** die grootste **winterfees** ooit. Vir meer inligting kontak Jacques van der Walt by 083 589 2435, of Nollie de Beer by 083 264 5424, of ds Jasper van der Westhuizen by 083 415 2555.
- **Gemeente Randburg** hou op **Saterdag 30 Mei** sy jaarlikse **basaar**. Daar is ook 'n **basaarkompetisie** waarin 'n **bootreis** vir twee persone op die MS Melody na die Portugese Eilande gewen kan word. Kaartjies is beskikbaar teen 'n donasie van R100. Kontak mev Elna van der Walt by ElnaV@nhk-randburg.org.za of 011 787 4893.
- **Gemeente Primrose-Oos** hou op **Saterdag 6 Junie** **basaar** op hul kerkterrein in Lucystraat in Homestead. Al die gemeentes van die ring van Zuurfontein en enige ander belangstellendes word genooi om te kom deel in die pret. Vir



verdere besonderhede, kontak Louise du Toit by die gemeentelike kerkkantoor, 011 822 1669 of nhkprimroseoos@mweb.co.za, of Grietjie Smuts by 083 525 1402.

- **Gemeente Groot Marico** hou hul jaarlikse **karnaval** op **Saterdag 6 Junie**. Jy kan 10 verse wen of R30 000 in kontant as jy 'n kaartjie teen R100 koop. Navrae kan gerig word aan Boet Nel by 083 700 9751 of ds Willem Sauer by 079 699 1237. Besoek gerus ook www.maricosafarikarnaval.co.za.
- **Gemeente Wesmoot** in Pretoria hou op **Saterdag 6 Junie** vanaf 08:00 **basaar** op die parkeerterrein van Trade Centre. Daar sal vermaak wees vir die kinders, 'n teetuin met tuisgebak, en al die lekker dinge wat net by kerkbasaars te kry is.
- **Gemeente Van der Hoff** in Groblersdal hou op **Saterdag 6 Junie** op die kerkerrein in Voortrekkerstraat hul jaarlikse **basaar** met die *Super 14 Rugby* as tema. Die gemeentedele gaan 'n paar 7's-rugbyspanne saamstel en die Vodacom Bulls Babes kom hoogskop.
- Die jongmense van die **ring van Noordelike Pretoria en Gemeente Derdepoort** bied op **Sondag 7 Junie 2009** om 17:00 die byeenkoms **Magtige Dreuning** aan met die tema *Fireproof: Never leave your partner behind*. Dit vind plaas by die kerkgebou van die gemeente by Swaanstraat 129, East Lynne, Pretoria. Kontak hulle by magtigedreuning@gmail.com; web: <http://sites.google.com/site/magtigedreuning/>. Die Facebook-groep is Magtige Dreuning. Of skakel ds Peet Swanepoel by 072 372 6933.
- 'n **Musiekaand** ten bate van die **DPS-kinderhuis Montana** word op **Vrydag 12 Junie** om 18:30 in die kerksaal van **Gemeente Wonderboom** by Marjoramlaan 84, Wonderboom-landbouhoewes gehou. Die kaartjies kos R50 per persoon, en toegang vir kinders onder 6 jaar is gratis. Ligte verversings is ingesluit. Ds Thinus van Staden, predikant van Gemeente Montana, sal optree en onder meer liedjies sing van sy tweede CD wat binnekort vrygestel word. Tashia van die Suid-Kaap tree ook op, asook onbekende kunstenaars uit die gemeente. Kontak Dorette Henderson by 012 567 7158 of 082 264 0870 om kaartjies te bekom.
- **Gemeente Laer Suidkus** bied op **Vrydag 19 Junie** om 19:00 'n *Prawnfees* aan in die stadsaal van Port Shepstone. Yoti die Griekse Boertjie tree op as gaskunstenaar. Die fees vind plaas in dieselfde tyd as die opwindende Sardienloop. Kaartjies kos R140 per persoon, en verblyfreelings kan getref word. Kontak ds Jacques Pieterse by 082 458 4482 of jacquesjean@vodamail.co.za.
- **Gemeente Roedtan** bied 'n **jagkompetisie** aan ter waarde van R30 000. Die 1ste prys is 4 blouwildebeeste, 2 koedoes, 2 blesbokke en 1 vlakvark. Die 2de prys is 'n naweekvoël jag vir 10 persone. Akkommodasie word verskaf vir 10 persone vir 3 dae. Die koste is R50 per kaartjie, die trekkingsdatum is **Sondag 19 Julie**, en die jagdatum is vanaf 23 Julie 2009. Kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724, 015 667 0045 of redinex@mweb.co.za. *Jy en jou gesin kan nog vanjaar gaan jag!*
- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Registrasie begin om 06:30, en die koste is R25 per persoon. Alle deelnemers gaan 'n medalje van die Bybelgenootskap ontvang. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting. Hulle benodig ook borge sodat die onkoste gedek kan word.

Baie dankie weer eens vir so 'n goeie stuk leesstof. Dr Wim Dreyer se stuk oor Angus Buchan was nogal insiggewend. Laaste net dié gedagte: Partykeer kry 'n gemeente 'n predikant, en ander kere kry 'n predikant 'n gemeente. Gemeentes, kom ons kyk met nuwe oë na ons predikante, en predikante, kyk met nuwe oë na jul gemeentes! My werk as lid van die Kommissie van die AKV is vir my verrykend interessant, en dit laat my weer besef hoe groot die Kerk is en hoe groot en goed God is. Watter voorreg is dit!

**Banna Botha,
Groblersdal**



Hartseer vir die kinders van Harare

Die hoërskoolkinders van Gemeente Harare was van 12 April tot 4 Mei met vakansie in die Republiek. Die vakansie is vir hulle gereël deur die diakens van Gemeente Ottosdal. Gasheergemeentes van die Kerk het hulle op verskeie plekke in die land ontvang. Die gemeentes Pietersburg, Sabie, Silverton, Kimberley, Stellenbosch, Schweizer-Reneke, Delareyville en Zuurfontein word bedank vir hul gasvryheid en donasies. Die hoogtepunt was die uitklim van Tafelberg.

Terug in Ottosdal, 5 dae voor die beplande terugkeer, het ons op Maandagaand 4 Mei berig ontvang dat Christi van der Merwe, Cornelius se ma, onverwags in hulle huis in Harare oorlede is aan 'n breinaneurisme. Haar man Francois was op die plaas 100 km suid van Harare. Die skok was oorweldigend vir die kinders wat hier op besoek was, aangesien hulle ook almal familie van mekaar is. Ons het inderhaas die reëlings verander. Cornelius was op die eerste beskikbare vlug terug na Harare, en ek het die ander drie dadelik teruggevat.

Die groot begrafnis op hul plaas Witpenshoek op Vrydag 8 Mei was die bewys van die invloed wat hierdie 40-jarige ma van drie kinders in die gemeente en gemeenskap gehad het. Daar was oor die 200 mense by die begrafnis en die familie is oorweldig deur die ondersteuning. Dis was my wonderlike maar hartseer voorreg om die familie en gesin by te staan in dié tyd en die groete en meelewing van die predikante wat hulle ken en die kerk in die RSA aan hulle oor te dra. Predikante wat in Harare gaan preek, het dikwels by die familie tuisgegaan en hulle gasvryheid beleef. Vir die gesin, familie, gemeente en gemeenskap is dit 'n gevoelige slag.

Die laaste foto van die gesin is geneem tydens 'n Paassangdiens op Sondag 19 April in Gemeente Silverton. Christi en haar gesin het die naweek na die Republiek gekom vir dringende besigheid en het saam met die groepie kinders die erediens bygewoon. Ds Jan van Immerzeel het die aand nog die lidmate van Harare in die erediens verwelkom. Dit was die laaste keer dat Cornelius sy ma sou sien.

Mag hierdie harseer gebeurtenis ons elkeen bewus maak van hoe kortstondig ons lewe is en dat ons mekaar sal liefhê en waardeer. Ja, ons tye is in sy hande, en gelukkig weet Hy die beste. Ons bede is dat Francois, Cornelia, Cornelius, klein Dirkie en die hele Van der Merwe-familie vrede en berusting sal vind in sy teenwoordigheid. Mag die mooi herinneringe aan Christi nog lank in julle gedagtes lewe!

**Ds Theuns Botha
Ottosdal**



Vlnr voor op die foto is Adri Botha, Talita Smit, Ulandi van der Merwe, Francois van der Merwe en seuntjie Dirkie (4) en Christi (40).

Agter is ds Theuns Botha, Bennie Botha (orrelis van Silverton), Daniël van der Merwe, Cornelia van der Merwe, Cornelius van der Merwe en Christi se ouers van Pretoria, Neline en Dirk Dippenaar.



ANDER NUUS



Dr Jan Oberholzer Mev Susann van Zyl

- **Dr Jan Oberholzer**, bestuurder van die Kinderhuise en sekretaris van die Taakspan, kon op Maandag 25 Mei weer sy werk hervat nadat hy ses weke lank met siekteverlof was. Hy word seën en goeie gesondheid toegebied.
- Die bestuurder van die SENTIK-boekwinkel, **mev Susann van Zyl**, is met verlof **tot 3 Junie**. Gemeentes word gevra om bestellings wat nie voor 20 Mei geplaas is nie, terug te hou tot na 3 Junie. Bestellings en navrae kan gestuur word na **sentik@nhk.co.za**.
- Die **SP Engelbrechtmuseum** is tans nie toeganklik vir besigtiging nie. Die museumvoorwerpe is in die proses om verpak en voorberei te word vir die groot verskuiwing van die museum na die historiese kerkgebou van Gemeente Pretoria. Die Kerkargief sal ook op 1 en 2 Junie gesluit wees weens noodsaaklike rekenaaropleiding.
- Die organiseerders van die **Wêreldwye Dag van Gebed** het vriendelik versoek dat die volgende geleentheid weer aangekondig word:
 - o 31 Mei: Wêreldwye Dag van Verootmoediging en Gebed
 - o 1 Junie – 29 Augustus: 90 Dae van Seën
 - o Vir meer inligting, besoek **www.globaldayofprayer.com**.
- Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) voer tydens sy vergadering op **5 Junie** verder gesprek met lede van **die HCM Fourie Vriendekring/Stigting**.
- **Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO)** stel op **Vrydagaand 5 Junie** om 18:30 vir 19:00 **Projek Bartimeus** bekend in die auditorium van die **kerksondermure (NGK Verwoerdburgstad, Hippolaan, Centurion)**. Sop en sjerrie word na die tyd bedien, en die verteenwoordigers van elke sinode word versoek om die gemeentes in hul area se inligtingspakke saam te neem na afloop van die verrigtinge. Laat weet asseblief teen Maandag 1 Junie of u die geleentheid kan bywoon.
- Die **NHSV hoofbestuur**, in samewerking met die Algemene Diakensvergadering (**ADV**), bied op **Saterdag 6 Junie** van 09:00 tot 13:30 'n **beraad oor dissipline** aan. Die tema is **GESONDE GESINNE**, en dit vind plaas by Gemeente Montana, hv Jan Bantjies- en Azanzaweg, Montana, Pretoria. Inskrywingsgeld beloop R100 per persoon en is betaalbaar aan die NHSV hoofbestuur. Dit sluit tee en verversings asook 'n ligte middagete in. Kontak die NHSV kantoor by 012 325 0117.
- Die **Ondersteuningsraad** wil gedurende die **September-skoolvakansie 'n kamp** aanbied vir 100 sorgbehoewende kinders. Tydens die kamp sal terapeutiese groepwerk deur maatskaplike werkers aangebied word, en studente sal help met onder meer sportaktiwiteite. Die Ondersteuningsraad moet self die fondse vir die kamp genereer. Enigiemand wat kan help om kinders vir die kamp te borg, of wat meer inligting oor die projek verlang, kan Suzanne van Deventer kontak by 012 325 2320, 071 684 7789 of **oraad@telkomsa.net**. Die koste van die kamp is R600 per kind (dit sluit verblyf, etes, vervoer en hulpmiddels in).
- Gedurende 1924 (85 jaar gelede) is die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** gestig. Alle predikante is lede van dié vereniging. Die bestuur van 2009 wil vanjaar 'n besondere fondsinsameling loods en terselfdertyd 'n reünie hou om al die Van der Hoffers bymekaar te bring. 'n **Gholfkompetiesie** word beplan vir **Dinsdag 22 September**, en die dag sal afgesluit word met die tradisionele

Dankie – die *e-Hervormer* is nog die beste ding ooit!

Magda Fourie,
Erasmia



Van der Hoff-dinee. Belangstellendes word genooi om 'n borgskap aan te bied. Kontak asseblief een van die volgende persone as u kan help:

- o Marius Kramer (Praeses) 082 346 7258
- o Elritia le Roux (Assessor) 083 503 4262
- o Tiaan Loedolff (Fiscus) 073 529 1538
- o Lise-Marie Swanepoel (Abactus) 083 943 4561

- **Belangrike vergaderings**

Hierdie vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

- o Redaksie van *Konteks* op Maandag 1 Junie
- o Komitee vir die Hersiening van die Kerkorde op Maandag 1 Junie
- o Die Ondersteuningsraad op Woensdag 3 Junie
- o Kommissie van die AKV se gewone kwartaalvergadering op Donderdag 4 en Vrydag 5 Junie
- o VTT op Dinsdag 2 en Woensdag 3 Junie by Gemeente Villieria
- o Ledevergadering van die Kinderhuise op Vrydag 5 Junie

Kompetisie: Ekonomiese resep vir beskuit of koekies

Dr Wilhelm Coetzer, sekretaris van die ADV, het versoek dat die volgende projek bekendgestel word, hoewel dit nie 'n projek van die ADV is nie. Hierdie tipe inisiatief het die potensiaal om 'n eietydse werkskeppingsprojek te word.

Die verhaal wat gedruk is op elke houer Ouma-beskuit is eintlik 'n liefdadigheidsverhaal. Ouma Greyvenstein van Molteno was só geraak deur die nood van haar gemeenskap gedurende die depressiejare, dat sy besluit het om 'n plan te maak. Sy het self nie geld gehad om te gee nie, maar wat sy gehad het, was 'n beproefde familieresep en die wil om die plan te laat werk. Sy het die halfkroon wat sy van haar kerk ontvang het, gebruik om beskuitbestanddele te koop, en van vroeg tot laat begin bak. Aanvanklik het sy die beskuit aan boere in die omgewing verkoop, maar gou het bestellings van regoor die land ingestroom. Ouma Greyvenstein is lankal dood, maar haar aanvanklike plan het gegroei tot 'n werkskeppingsprojek wat tot vandag toe aan meer as 100 mense werk gee.

Kreatiwiteit, deursettingsvermoë en 'n hart vir mense in nood is die noodsaaklike bestanddele vir enige wenresep. Dié eienskappe is presies wat ons nodig het om die hedendaagse armoedevraagstuk suksesvol aan te pak en op te los. Landwyd is daar mense wat, soos Ouma Greyvenstein, hulle moue oprol en begin werk om hoop te bring aan ander.

As deel van die 70ste herdenking van 1939 se Reddingsdaadkongres, loods Helpende Hand 'n kompetisie waar enigeen 'n resep kan instuur. Die resep moet maklik wees om te maak, die bestanddele moet gesond en goedkoop wees, en die eindproduk moet lekker smaak. Helpende Hand beoog om die resep na die wenner te vernoem én om dit te ontwikkel in 'n eietydse Afrikaanse werkskeppingsprojek.

Die wenner sal op Helpende Hand se Reddingsdaadkongres (21 tot 23 Oktober 2009) aangewys word. Die sluitingsdatum vir die kompetisie is **15 Augustus 2009**. Die resepte kan per e-pos gestuur word na helpendehand@solidariteit.co.ca of gefaks word na 012 664 4390.

Wat van mannebediening in die Kerk?

Die *Mighty Men Conference* onder leiding van Angus Buchan is in April vanjaar deur sowat 250 000 mans bygewoon. Waarom kan geordende predikante van die kerk nie soveel mense bymekaar kry om voor te preek nie? Waarom is lidmate van die kerk bereid om te luister na die prediking van iemand met bykans geen teologiese opleiding? Wat sê dit van mans se behoefte aan geloofservaring? Het predikante die vermoë om binne 'n nuwe konteks sinvol en aktueel aandag te gee aan mense se behoefte aan 'n verdiepte spiritualiteit?

Hierdie en ander ongemaklike vrae rondom mannebediening in die Kerk word behandel in die Junie 2009-uitgawe van *Die Hervormer*. Insiggewende artikels deur dr Wim Dreyer, prof Andries van Aarde en 'n lidmaat van Gemeente Horison Roodepoort gee verskillende perspektiewe, en die redakteur, dr Gerhard Lindeque, kom tot die slotsom dat al hoe meer mans openlik begin praat oor hulle geloof en hulle ervarings. Dit is veral verblydend om te hoor dat mans wat in die bosoerlog was, nou weer die vrymoedigheid begin kry om daarvoor te praat. *Die Hervormer* sou graag wou help in hierdie helingsproses, en verneem daarom graag van wat in gemeentes gebeur ten opsigte van die geestelike toerusting van mans. So kan ons by mekaar leer en mekaar aanspoor.

Die herdenking van Charles Darwin se geboorte 200 jaar gelede en die eerste uitgawe van sy *On the origin of species* 150 jaar gelede het weer lewendige belangstelling in sy nalatenskap laat ontstaan. Ds Herman van den Berg bespreek die verskillende begrippe en ideologieë, en bevestig opnuut: God sal vir ons as gelowiges altyd die Skepper bly! Die begin en die einde van alles. Daar is dus evolusie van die skepping, maar ook skepping van evolusie!

*** *Die Hervormer* is teen R70 vir 11 uitgawes beskikbaar. Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 of sentik@nhk.co.za as u daarop wil inteken. Besoek ook die webblad www.hervormer.co.za om meer te lees oor die uitgawes wat sedert Januarie 2008 verskyn het.

